**14 Julie** **Skrifgedeelte: Psalm 86**
**Fokusgedeelte: Psalm 86:17**

## Vertrou in gebed

Die Here het gesê dat ons nie bang moet wees vir mense wat ons vervolg nie. Die enigste manier om egter nie bang te wees nie is in die krag van die Here. Die manier waarop ons vertroue tot uitdrukking kom is in gebed.

Dawid was ’n man wat op die oog af nie eers vir Goliat bang was nie. Tog roep hy (Ps 86:1) na God om hulp, “... want ek is hulpeloos en arm.” Hy het homself nooit as die held gesien nie, maar ons lees voortdurend hoe Dawid elke konflik in afhanklikheid van God in gebed aangepak het. Self is ons inderdaad hulpeloos en arm. Ons is slegs tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee en daarom kan ons net staande bly in biddende afhanklikheid.

Dawid bid ook nie om die Here se bystand ter wille van homself nie. Dit gaan oor die eer van God. Daarom bid hy dat die Here hom ’n voorbeeld sal maak van sy verbondsliefde en trou. Wanneer ons vyande het omdat ons teenoor hulle gesondig het, is dit ons eie skuld en staan ons voor God ook skuldig. Wanneer mense ons egter as vyande behandel omdat hulle eintlik teen God in opstand is, gaan dit oor die eer van God en kan ons daarom in ons gebede op sy bystand reken.

*Sing: Psalm 86: 3 (Totius)* *Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*